



Die bruising van die see voor die aangesig van die HERE

Teks vir die preek:

“Laat die see bruis en sy volheid voor die aangesig van die HERE;...”

Psalm 98:7a, 9a

GJ Meijer

© by skrywer - 2013
www.christelikebiblioteek.co.za

Liturgie

1. Votum en seëngroet
2. Sing Psalm 98:1-4
3. Wetslesing
4. Sing Psalm 96:6, 7
5. Gebed
6. Skriflesing: Psalm 98 en Lukas 21:25-33
7. Teks: Psalm 98:7a en 9a
8. Preek
9. Sing Psalm 46:1-2
10. Gebed
11. Kollekte
12. Sing Psalm 65:4, 5, 7
13. Seën

Geliefdes in die Here,

Tsoenami was tot enkele jare gelede vir die meeste van ons 'n onbekende woord. Maar vanaf Sondag 26 Desember 2004 weet ons almal wat dit beteken. As gevolg van 'n kragtige aardbewing in die Indiese Oseaan het die see opgebruis en 'n reusagtige deining, 'n vloedgolf gevorm. Waters van die *tsoenami*-golf het die kus van Suidoos-Asië getref. Die slag van die *tsoenami*-vloedgolf was bo-menslik groot. Nie net die geweld van die aardbewing nie, maar ook die stu-krag waarmee die see-water gekom en groot dele van die land weggespoel het, gaan 'n mens se verstand ver te bowe. Geen papier en ink is genoeg om die verhale van leed mee te beskryf nie.

Sedert daardie *tsoenami* in 2004 het ons meermale van soortgelyke natuurrampe gehoor. Op 1 Oktober 2009 het 'n *tsoenami* enorme verwoesting gesaai in Wes-Samoa en die Filippyne en Korea. In Maart 2011 het Japan onder 'n *tsoenami* deurgeloopt. En die wêreld hou asem op vir 'n kragtige aardbewing diep onder die see aan die westkus van Amerika en Kanada. Dis aan die broei, dit gaan kom - vir sover die mens dit met sy tegnologiese aparate kan sien. Dit kan nie bereken word wat die invloed van so 'n skok en gepaardgaande watervloed op die nabygeleë kuslande sal hê nie.

Met al hierdie ingrypende dinge wat gebeur, ontstaan daar talle vrae. Vrae soos: wat het God daarmee te doen? En omgekeerd: wat het dit met God te doen? Beskik God werklik oor so 'n vreeslike ramp waarin duisende menselewens, ook gelowiges se lewens, omkom? Vir party mense het al die vrae verwarring geskep - nog meer verwarring as wat daar reeds is. Genadiglik mag ons met alles in lewe en sterwe teruggaan na die vaste basis van God se Woord.

Ek verkondig aan u **die bruising van die see voor die aangesig van die HERE.**

Twee sake kom hierin na vore:

- 1. die see bruis voor die HERE wat verlos**
- 2. die see bruis voor die HERE wat oordeel**

Psalm 98 is 'n uitnemende feeslied. Ons hoor die oproep dat daar 'n nuwe lied tot eer van die HERE gesing moet word. Die HERE het wonders gedoen - daarom moet daar 'n nuwe lied gesing word. In die nuwe lied moet die HERE se groot wonderdade besing word. Met sy regterhand en sy heilige arm het die HERE sy verbondsvolk Israel uit hulle nood gered. Dié uitdrukking: "regterhand en heilige arm" lees ons ook in die boek Eksodus. Die HERE het sy volk Israel uit die slawehuis van Egipteland uitgelei. Toe het Moses en die volk 'n oorwinningslied gesing (Eksodus 15:6): "o HERE, u regterhand is verheerlik deur u krag. U regterhand, o HERE, verpletter die vyand". As die

volk só sing, gee hulle al die eer aan die HERE. Die feit dat hulle van die tirannie van Egipte bevry is, is uit en uit genade. Die HERE verlos op sy manier.

In Psalm 98 is daar sprake van nog so 'n verlossingswonder. Die HERE het sy heil opnuut bekend maak. Sy geregtigheid is voor die oë van die nasies geopenbaar. Die HERE het gedink aan sy goedertierenheid en sy trou aan die huis van Israel. Al die eindes van die aarde het die heil van God gesien.

Dit word algemeen aanvaar dat hierdie tweede verlossingswonder na Israel se terugkeer uit die ballingskap verwy. Teen alle menslike verwagtinge in het 'n oorblyfsel uit Israel die ballingskap van 70 jaar oorleef. Koning Kores van Persië het verlot gegee om uit Babel terug te gaan na die beloofde land Kanaän. Die HERE in die hemel het dit in die hart van koning Kores gewerk om Israel terug te bring na Kanaän. Die Verbondsgod wat sy goedertierenheid openbaar gebruik wêreldheersers om sy verbondsvolk te bring waar Hy hulle wil hê.

Net so gebruik die Verbondsgod jare later 'n heidenkeiser om die Verbondsmiddelaar te laat gebore word op die plek wat Hy in sy ewige Raad bepaal het. Die Christus sal nie in Nasaret gebore word waar sy ouers woon nie, maar in Betlehem, die stad van Dawid - soos geprofeteer is. Met die oog daarop span God vir keiser Augustus in Rome in. 'n Volkstelling word uitgeskryf, wat daartoe lei dat Josef en Maria vanaf Nasaret na Betlehem optrek. Keiser Augustus met sy keiserlike bevel staan in diens van die almagtige God om te doen wat God behaag. Daarvan sing Psalm 98. Trouens, dit is waaroor al die Psalms gaan. Hulle het almal betrekking op die koms en werk van ons Here Jesus Christus. In Psalm 98 word geprofeteer oor die volkome verlossing wat God deur Christus gaan bewerk.

As ons al hierdie dinge bedink, besef ons hoe oneindig wys en magtig en heerlik die HERE onse God is. Ons kyk met ons beperkte visie teen die dinge van elke dag vas. Maar die HERE hou sy hand oor die geskiedenis deur alle eeue. Hy beskik 'n verlossing uit Egipte - op die regte tyd. Hy beskik 'n verlossing uit ballingskap - weereens op die regte tyd. Hy beskik verlossing deur sy Seun Jesus Christus - op die regte tyd. Hy beskik dat die verlossingswerk van sy Seun Jesus Christus deurgang vind in ons lewens - telkens weer op perfek die regte tyd. Uiteindelik beskik Hy die volkome verlossing van die ganse skepping - op die regte tyd, as Hy sy Seun na die aarde terugstuur om te oordeel oor die lewendes en die dooies.

Wat sal ons van al hierdie dinge sê? Psalm 98 leer ons wat om te sê. Vers 4: juig voor die HERE, o ganse aarde, en psalmsing. Ja - dit is wat ons moet doen. Ons moet na die verloop van die gebeure in ons lewe kyk, ons moet die groot werke van God daarin raaksien - en juig! Waar, en hoe? Ook daarvoor onderrig die Psalm ons. Psalmsing tot eer van die HERE met die siter, met die siter en die stem van gesang, met trompette en basuingeklank. Dit is alles dinge wat eie is aan die

tempeldiens. In vandag se terme: in die erediens, as ons voor die aangesig van die Koning, die HERE byeen is om Hom te verheerlik. Dan word ons aandag gevestig op sy groot verlossingswerke in ons lewe. Die erediens is dié ruimte waar ons hoor van God se verlossing en mekaar daaraan bind. In ons kerk-wees verlustig ons onself in die Here wat nie ophou om sy goedheid aan ons almal te bewys nie

Maar nou - nie net die kinders van God in die erediens psalmsing oor sy groot werke van verlossing nie. "Laat die see bruis en sy volheid, die wêreld en die wat daarin woon. Laat die riviere in die hande klap, die berge tesame jubel voor die aangesig van die HERE". Die ganse skepping moet saam in een koor sing van die HERE wat sy heil bekend maak.

Die gedagte dat die diereryk en die planteryk die lof van God moet verkondig, is bekend. Voëls sing tot eer van die HERE - die mooiste en fynste melodieë. Leeus brul tot eer van die HERE - kragtig en sterk. Die planteryk blom en bloei tot eer van die HERE. Maar dit is nie waarna Psalm 98 verwys nie. Dit gaan nie oor plante en diere nie, maar oor berge en riviere. Riviere moet hande klap en berge moet tesame jubel - voor God wat verlos. As ons dit hoor, dwing die HERE ons om met geloofs-oë na riviere en berge te kyk. Die klotsende waters van die riviere en die majestueuse berge vertel van God wat verlos.

Ook die seë moet die eer aan God gee. "Laat die see bruis en sy volheid ... voor die aangesig van die HERE". Die see en sy volheid wys op die see met alles daarin - die magdom van waters, maar ook die rykdom van lewe wat in die see is. Dit alles tesame moet bruis voor die HERE. Hier staan letterlik: die see moet al sy krag laat sien. Die see in sy volle omvang moet met mag en mening bulder.

Inderdaad doen die see dit. Dwarsdeur die Ou Testament lees ons hoe die waters van die see en die riviere aan God se verlossingswerk diensbaar is. Die bruisende see was tot redding van Noag en sy gesin, agt mense. Ook vir die volk Israel, toe hulle uit Egipte uitgetrek het. Die waters van die riviere wat uitmond in die see was weereens tot redding vir die volk toe hulle in Kanaän ingetrek het. Oor en oor bewys die watermassas dat hulle aan God gehoorsaam en aan sy reddingswerk diensbaar is. Ook aan die Seun van God, ons Here Jesus Christus wys die magtige waters van die see hulle onderdanigheid. Die golwe van die see en die stormsterk winde wat dit aanblaas kom tot bedaring as die Seun van God hulle bestraf op die meer van Galilea (Matteus 8:23-27). Die dissipels staan verstom as hulle dit sien gebeur. Hulle sê vir mekaar - Wie is Hy dat selfs die winde en die see Hom gehoorsaam is? Op daardie oomblik het die dissipels glad nie gedink aan die woorde van Psalm 98 nie. Hulle moes tog weet dat die see en sy volheid voor die aangesig van die HERE bruis!

Ons moet dit ook weet. Die mag van die wêreld-oseane is enorm. Telkens as 'n mens by die see kom, besef jy hoe nietig jy is. Selfs jou stem raak weg te midde van die brullende watermassas wat golf na golf op die strande uitspoel. Maar om dan te mag weet en bely en beleef: hierdie watermassas het 'n spesiale werk om te doen! Hoog- en laagwater, springgety en vloedwater is nie maar net natuurverskynsels nie. Die waters van die see sing 'n lied vir die Here wat verlos. By die doopvont beleef ons dit op 'n besondere manier. Die water van die doop is verlossend, want dit wys heen na Christus se bloed. Die water van die doop herinner ons aan die water van die sondvloed en die Rooi See - aan redding.

Bedink hierdie dinge, broeders en susters! Die see en sy volheid bruis al vir eeue lank voor die aangesig van die HERE. Die see en sy volheid doen dit in perfekte gehoorsaamheid. Kyk daarna, en dink daaraan watter voorbeeld dit vir ons, God se kinders, is: 'n voorbeeld wat 'n mens eintlik skaam maak. As *ons* ook maar so vol en bruisend en gehoorsaam voor die aangesig van God leef!

Maar: dieselfde sondvloed wat redding en bewaring vir Noag en sy gesin gebring het was tot straf van die ongelowige en onboetvaardige wêreld. En dieselfde Rooisee wat 'n pad voor Israel gebaan het, het tot die verdrinkingsdood van Farao met al sy manne gelei. Die doop het 'n keersy. Die slot van Psalm 98 vestig ons aandag daarop. Die see wat bruis voor die HERE wat *verlos*, **bruis ook voor die HERE wat kom om die aarde te oordeel**.

Dit is belangrik dat ons noukeurig lees wat in vers 9 geskrywe staan. Waar die hele Psalm 98 'n loflied oor God se verlossingsdade is, word die gedagtegang ineens verander. God *het* wonders gedoen, sy regterhand en sy heilige arm *het* Hom gehelp. Hy *het* sy heil bekend gemaak. Dit is alles volkome waar. Dit is alles dinge wat gebeur het en nog gebeur. Maar wat ook volkome waar is, is dat Hy kom om te oordeel. Hy *sal* die wêreld rig in geregtigheid en die volke met reg.

Hy *sal*: dit is toekomstige tyd. Dit dui tegelyk op iets wat waar en seker is. As God sê: Ek sal, dan doen Hy dit – ongetwyfeld. In 'n sekere sin is die toekomstige tyd van Psalm 98 vir ons alreeds verlede tyd. Ons glo en bely dat die Psalms van ons Here Jesus Christus sing, ook Psalm 98. Met Christus se koms na die aarde het die oordeel van God begin. Christus is 'n rots waarop gebou word, maar ook 'n steen waaroor mense struikel en val (1 Petrus 2:6-8). Jy glo Hom - en dit word tot volkome verlossing gereken. Of jy verwerp Hom in ongeloof - en dit word tot volkome oordeel gereken. Met sy eerste koms na die aarde het die onderskeid tussen geloof en ongeloof reeds duidelik geword. Met sy wederkoms word die skeiding finaal gemaak. Hy kom weer om die wêreld te rig in geregtigheid en die volke met reg. Niemand sal aan sy oordeel ontkom nie, ook nie hulle wat Hom tans bespot en belaglik maak nie.

In verband met sy wederkoms het die bruisende see 'n belangrike boodskap. Op die dag van die wederkoms gaan die see 'n besondere taak hê. Ons lees in Openbaring 20:13 dat die see die dode gee wat daarin was sodat hulle geoordeel kan word: elkeen volgens sy werke. Almal wat in die see omgekom het, sal op die dag van die wederkoms deur die see terugbesorg word om deur die Seun van God geoordeel te word. Hoe dit gaan plaasvind, is onmoontlik om te sê. Die kleine mens kan die groot werke van God nie voorspel nie. Wat wel duidelik is, is dat die see 'n taak gaan hê. En dit is uit die Skrif ook duidelik dat die see vandag reeds 'n roeping met die oog op daardie taak het. As Christus in Lukas 21 met sy dissipels oor die tekens van die tye praat, verwys Hy na aardbewings op verskillende plekke. Hy noem dit die begin van die smarte. Die aardbewings en vloedgolwe wat daarmee saamgaan, die see en die branders wat onheilspellend dreun (Lukas 21:25) die ingrypende dinge wat ons vandag beleef word deur God gebruik as heenwysing na die finale oordeel wat kom.

Weereens word ons tot nadenke gedwing. Is die *tsoenamis* van Desember 2004 en Oktober 2009 en Maart 2011 'n werk van God, of nie? Eintlik is die antwoord eenvoudig: *alles* in die skepping, onderhouding en regering van die wêreld is die werk van God. Die hele skepping is 'n boek waarin alle skepsels, groot en klein die letter is wat ons die onsigbare dinge van God, sy ewige krag en goddelikheid duidelik laat sien (NGB Artikel 2). Ook die vernietigende *tsoenami* is letters in God se boek. Daarvoor moet ons geen twyfel hê nie. Wat belangrik is, is dat ons die letters reg sien en lees. Dit is in die lig van Psalm 98:9 onheilspellende letters. Die see en sy volheid bruis voor die aangesig van die HERE wat kom om te oordeel. Word wakker, aardbewoners! As julle die letters in die Bybel nie wil lees nie, kyk dan ten minste na die letters in die skepping.

Die ontnugterende werklikheid is dat die ongelowige mensdom ook hierdie duidelike letters nie wil lees nie. Die boodskappe kom voortdurend hard en helder deur dat daar noodleniging moet kom in die vorm van medisyne en kos en geld - maar moenie met ons praat oor die enige ware God nie. Menige Hindoe en Boeddhis en Moslem en ongelowige wat deur die watergolwe getref is, wil steeds nie van die komende Christus weet nie. Nie dat dit vreemd is nie. Ook dit staan geskrywe in die boek Openbaring. Die goddelose sal aanhou goddeloos wees, en selfs in sy goddeloosheid toeneem.

Maar u, kind van God: u moet met oop oë kyk na dit wat God in hierdie wêreld doen. *Tsoenamis* is duidelike sigbare en hoorbare en voelbare voetstappe waarmee ons Here Jesus Christus op pad is na sy wederkoms. Dit is enkele voetstappe in 'n ry van vele. Ander is dalk minder ingrypend, kleiner van omvang. Oor en oor word ons in ons lewe tot stilstand gebring - soms deur klein gebeurtenissies, ander kere op 'n radikale wyse. Maar telkens word ons gewys op die dag wat die HERE kom om te oordeel in regmatigheid. Laat u tot stilstand bring: deur die stormsee, en deur alle ander gebeurtenisse wat God in u lewe beskik. Staar, oorweeg, maak aanpassings. En wees

in dit alles waaksaam met die oog op die tweede koms, die wederkoms van ons Here Jesus Christus.

Amen.